LAERSKOOL OUTENIQUA PRIMARY

ONDERSTEUNERSKLUB

BELEID

VISIE

Die VISIE van die Outeniqua Ondersteunersklub is hoofsaaklik om 'n kultuur van samehorigheid, eenheid, ondersteuning en gemeenskapsbelang te skep, waarin alle ouers, opvoeders en leerders, kan deel tot elkeen se verryking.

MISSIE

Dit wil ons bewaarheid deur die volgende doelwitte te bereik:

- Om lede volwaardig deel te maak van die Outeniqua-tradisie wat eie is aan Laerskool Outeniqua.
- Om erkentenis, dankbaarheid en waardering vir lojale ouers / oudleerders/ opvoeders se bydrae tot en ondersteuning aan Outeniqua, te gee.
- Om 'n lewenslange verbintenis met lede te behou om sodoende ons ryke tradisie te laat voortleef en verder uit te bou.
- Voorwaar te strewe om die band tussen oudleerders, ondersteuners, ouers en opvoeders van die skool uit te bou deur verskeie netwerk- en ondersteunings-geleenthede te skep.
- Om die ouers en gemeenskap van Laerskool Outeniqua saam te smee om volhoudbare en opregte waardes vir ons kinders ten toon te stel en uit te leef.
- Om praktiese en emosionele ondersteuning te bied aan alle leerders op alle vlakke van ontwikkeling; akademie, sport en kultuur.
- Om 'n gesonde gees van kompetisie, meelewendheid, deernis, kameraadskap, samehorigheid en ondersteuning te kweek, om sodoende die moraal, inspirasie, motivering en passie vir die uitlewing van ons kinders se unieke talente en ontwikkeling lewendig en gesond te hou.

- Outeniqua Laerskool is dan ook die enigste begunstigde uit fondse wat hierdie Ondersteunersklub mag genereer.

- Fondse wat binne die mandaat van die Ondersteunersklub gegeneer word, mag en sal slegs onder diskresie van die Uitvoerende Komitee en die Skoolbeheerliggaam, aangewend word..

LIDMAATSKAP

- Lidmaatskap word beperk tot oud en huidige Outeniqua -ouers, -oudleerders en -onderwysers. Onderwysers wat Laerskool Outeniqua verlaat om ‘n pos by ‘n ander skool te beklee, verval outomaties.

- Goeie ondersteuners van Outeniqua kan lidmaatskap verwerf onderhewig aan die goedkeuring van die Bestuur.

- Lidmaatskap behoort eksklusief aan die lidmaatskaphouer en kan nie oorgedra word nie.

- Lidmaatskap is lewenslank, tensy die lid bedank of die Bestuur van die Outeniqua Ondersteunersklub ‘n lid se lidmaatskap beëindig.

- Daar sal van tyd tot tyd verwag word van lede om betrokke te raak by ontwikkeling en beplanning van sosiale geleenthede soos uiteengesit deur die Uitvoerende komitee.

VOORDELE

Lidmaatskap aan die Outeniqua Ondersteunersklub hou verskeie voordele vir sy lede in, onder andere.:
;

- Lewenslange lidmaatskap aan die Outeniqua Ondersteunersklub;
- Ondersteunersklub sosiale byeenkomste vir lede;
- Ontvang van ‘n Ondersteuners Keppie / Visor met aansluiting.
- Enige ander voordeel waartoe van tyd tot tyd deur die Bestuur besluit mag word.

LIDMAATSKAPFOOI:

Lidmaatskapfooi per ouer/leerder/oudskolier is eenmalig: R100

UITVOERENDE KOMITEE

- Johan De Villiers (Voorsitter)
- JG Giliomee (Adjunkhoof en Beheerliggaam Verteenwoordiger)
- Lizelma Kassteen
- Ilse Jonker
- Jaco Jonker
- Janine Allner (Sekretaresse)

- Christa van der Merwe
- Penkie van der Merwe
- Donald Olivier
- Andrew Prins
- Marius Nel
- Mario Pedro
- Elzette Murray
- Jaco Visagie
- Wouter Lutske

Onderwysers

- Jacques Meyer
- Charl Kitching
- Herman Du Plessis
- Michelle Erasmus
- Melony Kitching

TERMYN VAN UITVOERENDE KOMITEE

Aanvanklik **een (1) jaar**.

GEDRAGSKODE, INSLUITINGS- EN UITSLUITINGSKRITERIA:

Enige gedrag wat die integriteit van Laerskool Outeniqua in 'n swak lig plaas en die integriteit van die skool en sy waardes in gedrang stel soos bepaal deur die gedragskode van die skool en die uitvoerende komitee, kan veroorsaak dat die lid van sy/haar lidmaatskap ontneem word. Geen fondse, ledegeld of borgskappe wat deur die lid aan Laerskool Outeniqua betaal of geskenk is deur di individu is terugeisbaar nie.

FUNKSIES EN PORTEFEULJES VAN KOMITEE

Lede sal getaak word soos die behoeftes ontstaan. Vaste take is slegs die van die Voorsitter, SBL verteenwoordiger en Sekretaresse soos uiteen gesit.

- Voorsitter: Oorhoofse bestuur. Samestelling van agendas en lei van vergaderings.
- Adjunkhoof en Beheerliggaam Verteenwoordiger: Skakeling tussen Voorsitter, Kometee en SBL. Opstel van agendas.
- Sekretaresse: Notules neem van vergadering en uitstuur. Skakeling tussen Voorsitter, komitee en lede. Opstel van databasis. Uitstuur van die nodige skrywes.

VRYWARINGSKLOUSULE

- Die komitee is onderhewig aan die besluite van die SBL. Dus is alle besluite wat die komitee neem onderhewig aan die SBL se goedkeuring.

- Fondse ingesamel sal die eiendom van die skool wees en sal toegedien word soos besluit deur die Skoolhoof en die SBL.
- Versoeke mag gerig word om spesifieke projekte of behoeftes vanuit hierdie fondse te ondersteun.
- Ander aspekte waarop die komitee fokus is die ondersteuning van projekte bv. opgraderings van sportfasiliteite, fondsinsamelings in die vorm van sosiale funksies en die vind van borge.
- Die ondersteunersklub moet onder geen omstandighede inbraak maak op die verantwoordelikhede van die OOV nie.

Die uwe

Johan De Villiers (Voorsitter)